

1 April

Skrifgedeelte: Jeremia 44 en 46

Fokusgedeelte: Jeremia 44:1-8

'n Christen maak in Rome nie soos die Romeine nie

“As ek in Rome is, maak ek soos die Romeine”, is 'n bekende maar tog ook 'n baie twyfelagtige uitspraak. Dit is gewoonlik van toepassing op 'n plek waar jy 'n vreemdeling is, of wanneer jy in ongewone omstandighede verkeer. Jy kan nie jou beginsels of Christelike norme en gebruike handhaaf nie, bloot omdat diegene om jou dit nie doen nie. Jy bid nie voor 'n ete in 'n restaurant nie, omdat niemand dit doen nie. By die huis sou jy dit egter nooit nagelaat het nie. Bogenoemde uitdrukking is ook van toepassing wanneer jy meedoen aan daade, gebruike of gewoontes omdat almal dit doen en niemand iets daarmee verkeerd vind nie, terwyl jy dit tuis en tussen jou eie mense nooit sou gedoen het nie. In Jer 44:8 kom hierdie saak sterk aan die orde. Die Israeliete, wat hulle in Egipte bevind, het gemaak soos die Egiptenaars maak deur ook offers aan die Egiptiese afgode te bring. Dit was 'n groot sonde voor die Here. Ons maak nie in Egipte soos die Egiptenare nie – ook nie in Rome soos die Romeine nie. Ons beginsels, sedes en norme wat op ons Christelike godsdiens en oortuigings gegrond is, is nie net geldig wanneer ons tuis is nie, maar geld oral waar ons gaan. Ek kan Jesus Christus nie net tuis of in die kerk bely en dan op vreemde terreine 'n ander belydenis hê of my eie beginsels versak nie. Christus is oral teenwoordig en sy Naam moet oral geheilig word.

Sing: Psalm 88:14

Ds DL de Beer (Emeritus)